Mediaverklaring

29 Junie 2020

Boere se nerwe dun oor landelike veiligheid

“Die wreedaardige en sinnelose plaasaanvalle die afgelope maand het verskeie landelike gemeenskappe ingrypend geraak. Daar was gedurende Junie vanjaar reeds 27 plaasaanvalle op plase en kleinhoewes, bykans een elke dag. Tydens die plaasaanvalle is verskeie plaasaanvallers gedood toe slagoffers hulle teen die aanvallers beskerm het”, sê Tommie Esterhuyse, voorsitter: Agri SA Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid.

Agri SA is ernstig bekommerd oor die landelike misdaadsituasie en veroordeel die aanvalle op boerderygemeenskappe en misdaad teenoor gewone landsburgers ten sterkste. Landboumisdaad raak nie net die nasionale belang nie, maar die landbou se belang in voedselproduksie en sy rol in landelike stabiliteit en die landelike ekonomie.

Die land verkeer tans in een van die moeilikste ekonomiese situasies en daarmee saam ervaar die landbou, ‘n landbou onvriendelike regering en beleid onsekerheid. Dit bedreig die strategiese belang van die landbou en skep nie vertroue nie. Onsekerheid en toenemende landelike misdaad dra nie by om ‘n omgewing daar te stel vir die landbou om te presteer en by te dra tot ekonomiese ontwikkeling. “In die omstandighede raak dit moeilik om grondvlaklede en plaaswerkers se gemoedere te kalmeer wanneer hulle aandring op hulle reg tot veiligheid. Agri SA maan egter die boerderygemeenskap tot verantwoordelike optrede en om die polisie verantwoordelik te hou om hulle grondwetlike plig om alle landsburgers te beskerm, na te kom,” sê Esterhuyse.

Indien dit nie met die landbou goed gaan nie, gaan dit ook nie met die land goed nie. Die regering moet die waarde van die landbou deeglik in ag neem in beleidsontwikkeling en vir sy polisiëringsmodelle om landelike misdaad effektief aan te spreek. ‘n Effektief geïmplementeerde Landelike Beveiligingstrategie en gepaardgaande polisiemag wat doelgerig misdaad ondersoek en verdagtes voor die hof bring, is nou krities nodig. Dit is die boerderygemeenskap se primêre verantwoordelikheid om voedsel te produseer en nie om nog in die nag te moet patrollie ry om hom en sy eiendom te beskerm nie. Dit is ‘n direkte gevolg van die polisie se onvermoë om landsburgers effektief te beskerm. Die onvolledige implementering van die Landelike Beveiligingstrategie is een van die bydraende faktore hiertoe. Daarom moet ‘n omgewing daar gestel word waarin die landbou sy rol effektief in landsbelang kan vervul.

Die wye voorkoms van plaasaanvalle kan nie met ‘n enkelvoudige oplossing uitgeroei word nie. “Ons het ‘n regering nodig wat nie vyandig staan teenoor die landbou nie en die politieke wil het om ongewilde besluite te neem tot voordeel van die landbou, landelike beveiliging en voedselsekerheid. Dit sluit in die wil om die waardesisteem sodanig aan te pas dat almal in die land veilig voel en waardeur landbou en werkskepping vorentoe geneem kan word. Agri SA poog sedert Februarie vanjaar om met die polisiebestuur gesprek te voer oor landelike veiligheid en sien daarna uit dat ‘n datum gefinaliseer kan word om onder andere ook die implementering van die Landelike Beveiligingstrategie te bespreek” sê Esterhuyse.

Deur die Agri Securitas Trustfonds word bydraes deurlopend aan plaasgemeenskappe gemaak om hulleself te beskerm. Met die toename in aanvalle is dit noodsaaklik dat bydraes tot die beveiliging van die boerderygemeenskap gemaak word. ’n Beroep word op individue en die privaatsektor gedoen om in die moeilike tye die boerderygemeenskap finansieel te ondersteun. Indien die boer en plaaswerker se veiligheid jou raak, kan jy ‘n bydrae tot die Agri Secutitas Trustfonds maak by ***Absa Besigheidsbank, rekening nommer: 4055781687, takkode: 632005.***

Navrae:

Tommie Esterhuyse
Voorsitter van Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid
(S) 082 782 0668

Kobus Visser
Direkteur: Agri SA Landelike Veiligheid en Provinsiale Sake
082 388 0010